# VONKK 76
# Onsterflik, Onsienbaar, Almagtig En Wys




2
Die skepping, o Vader, getuig van u krag.
Ons kan U nie sien nie, tog heers U met mag.
U goedheid en liefde is tekens van seën.
Ons weet U's teenwoordig hier rondom ons heen.

3
O God, U gee lewe aan klein en aan groot.
U sorg vir u skepsels tot selfs in die dood.
Van alles op aarde bly U steeds die bron.
Al sterf ons, U bly daar — die Ewige Son!

4
O Vader, die heerlikheid straal van u troon
met hemelse luister tot hier waar ons woon.
U glansryke glorie maak duisternis lig —
selfs engele steier, verberg hul gesig.

5
Onsterflik, onsienlik, almagtig en wys;
O God, so verhewe, u Naam wil ons prys.
Ons eer en aanbid U, o God van die tyd.
U heers as Oorwinnaar vir nou en altyd.

Teks: *Immortal, invisible* - Walter Chalmers Smith (1824-1908); Jacques Louw 2008 ©
Melodie: ST DENIO - Tradisionele Walliese melodie (*Canradau y Cyssegr)*
Orrelbegeleiding: Tradisioneel Wallies
© Teks: 2009 VONKK Uitgewers (admin Bybel-Media)
© Musiek: Openbare besit

**RUBRIEK: Klassiek - Skepping en Onderhouding**

VONKK